

xxxxx 5311-928

Die Sekretaris van Nasionale Opvoeding
Vanderbijlpark
Privatsekretariaat XI22
PRETORIA
0001

21 September 1977

✓
Mr. J.A. Robbertse

6.1.3.1.1/15.6.4.16

U/5/3

Geagte Heer

INSTYLING VAN GRADE

Hiermee erken ek met dank ontvangst van u skrywe van 12 September 1977 waarin u mededeel dat Sy Edele dr. P.G.J. Koornhof die Maestergraad in Boubestuur en die Doktorsgraad in Boubestuur goedgekeur het vir ambieding wat ingang van 1978.

Hoogagtend die u

J.A. Robbertse
REGISTRATIUS

JAR/cz

VOORGESTELDE M.Sc. EN PH.D. : MOTIVERING VIR DIE INSTELLING VAN DIE GRADE
EN BESONDERHEDE VAN DIE GRAADREËLS

Aansoek word gedoen om goedkeuring vir die instelling van die volgende grade vir nagraadsse studie in Boubestuur met ingang 1977:

Magister Scientiae in Boubestuur M.Sc.(Boubestuur)
Philosophiae Doctor in Boubestuur Ph.D.

Engels:

Magister Scientiae in Building Management M.Sc.(Bdg. Man.)
Philosophiae Doctor in Building Management Ph.D.

(Hierdie motivering is opgestel in corse van die Sekretaris van Nasionale Opvoeding se brief U2/2/1 van 23 Desember 1975.)

A. BEHOEFTIE WAT VIR OPLEIDING BESTAAN

1. Die instelling van 'n eerste baccalaureusgraad in Boubestuur is reeds in 1973 deur Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur ('n brief U5/3 van 19 November 1973).

Waar al die studiejare in die graadkursus in B.Sc. (Boubestuur) nou reeds aangebied word en die eerste studente aan die einde van hierdie jaar afstudeer, is dit 'n logiese stap om die gevorderde grade M.Sc. in Boubestuur en Ph.D. in Boubestuur te kan aanbied vir sodanige studente.

Die daarstelling van die M.-graad sal die plaaslike boubedryf hopelik stimuleer deur jong gesgraduateerde, wat graag verder wil studeer, hiernatoe te trek.

In die verlede was daar alreeds na vraag gewees van voornemende ougradsse studente en die gevoel is dat die kursus ondersteun sal word aangesien die naaste ander universiteit wat 'n soortgelyke gevorderde graad in Boubestuur aanbied, ongeveer 800 km. van Port Elizabeth is.

2. Faciliteite vir nagraadsse studie in hierdie rigting is reeds beskikbaar aan die

Universiteit van Pretoria
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Universiteit van Natal, en
Universiteit van die Witwatersrand.

Dit is bekend dat etlike studente ingeskryf is by hierdie instansies vir magister- en doktorale studie.

Die instelling van nagraadsse studie en die navorsing wat daaruit voortvloei moet die akademiese standaarde en akademiese inhoud van kursus slegs kan verbeter.

3. Studentegetalle sal, soos by die meeste kurause op die graadvlak, relatief klein wees (ca 2 tot 3 per jaar).
4. FASILITEITE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH
Die aanbieding van die beoogde nagraadsse kurause sal getrek word.

siéle uitgawes t.o.v. personeel, akkommodasie, toerusting, ens., vir die Universiteit meebring nie. Vir die Staat sal dit slegs t.o.v. die normale subsidie vir studente uitgawe meebring. Sodanige subsidie sou in elk geval deur die Staat gedra word as die betrokke studente by 'n ander universiteit sou studeer. Studenttegetalle sal na verwagting redelik klein wees.

C. WERK VAN UNIVERSITEITSGEHALTE

Aan hierdie vereiste sal uit die aard van die werk voldoen word.

D. VOORGRAADSE DIPLOMAS

Die vereiste het nie betrekking op hierdie aansoek nie.

E. GRAADREËLS

Die voorgestelde reëls lui:

Reëls vir die graad Magister Scientiae in Boubestuur

C.374 Die graad Magister Scientiae in Boubestuur sal toegeken word aan 'n kandidaat wat die graad Baccalaureus Scientiae in Boubestuur, of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word besit, en:

- (i) betrokke was in die praktyk van Boubestuur vir ten minste een jaar nadat die graad Baccalaureus Scientiae in Boubestuur verwerf is; en daarna
- (ii) gewerk het aan 'n verhandeling vir 'n minimumtydperk van een akademiese jaar waartydens hy geregistreer was as 'n kandidaat vir die graad; en
- (iii) (a) in die geval van 'n verhandeling wat volledig eichendig deur die kandidaat voorberei is, 'n mondelinge eksamen oor 'n voorgeskrewe onderwerp op die gebied van Boubestuur met goed gevolg afgeloë het; of
- (b) in die geval van 'n verhandeling ten opsigte van 'n bouprojek of bouprojektippe wat deur die kandidaat as leier van 'n spesifieke deskundiges voorberei is, 'n geskrewe eksamen oor die onderwerp van die verhandeling en/of enige ander voorgeskrewe onderwerp op die gebied van Boubestuur met goed gevolg afgeloë het.

Reëls vir die graad Philosophiae Doctor in Boubestuur

C.375(1) Die graad word toegeken aan 'n kandidaat wat in Baccalaureus Scientiae in Boubestuur met sewe jaar pragtiese ervaring of 'n Magister Scientiae in Boubestuur, en

- (a) wat voldoen aan die vereistes uiteengesit in die algemene reglement vir Doktorsgrade, of
- (b) wat bewyse van sy navorsingspublikasies, praktywerk en/of navorsingswerk in die vorm van 'n proefschrift dat hy 'n gesaghebbende op sy terrein is.

- (2) In die geval van 'n graad toegeken in ooreenstemming met C.375(1)(b), word eksterne eksaminatore wat erkende gesaghebbendes op die spesifieke gebied moet wees, deur die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad aangewys.

JC/AI
10 Mei 1976



DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING
DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

Teleg. VOLKSOPVOEDING

Tel. 2-9971 Bylyn Ext. 467

Navras Enquiries J. Marais

Verw.
Ref.

U 5/3

VANDERSTELGEBOU

VAN DER STEL BLDG

Privaatsak XI22

Private Bag PRETORIA

0001

17 - 5 - 1977

Die Registrateur
Universiteit van Port Elizabeth
Postbus 1600
PONT ELIZABETH
6000

Geagte Heer

INSTELLING VAN LAMPTERUGGRAAD EN DOENSGRAAD IN BOUWESTUU:

U aansoek C.1.3.1./15.6.4.1 van 21 April 1977 sal op 15 Junie 1977 aan die A.R.U. voorvald word vir aanbeveling aan die Minister.

Die uwe



DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

Telefonis van mnr. Skenkamp
verneem dat A.R.U. de
gaekunig hieran by 24/5/77
die Minister van
kund het - wag mi
die Minister se
gaekunig.
17/5/77.

| | |
|---------------------|---------|
| 8-1-3-1/15-6-14-16 | ✓ |
| 24/5/77 | 24/5/77 |
| ONTVAN. 24 MAY 1977 | |
| (L) | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Universiteit van Port Elizabeth
University of Port Elizabeth



Tel. 529911

Teleg. UNIPE

Postbus/P.O. Box 1600

Port Elizabeth 6000

Republiek van Suid-Afrika
Republic of South Africa

21 April 1977

VIR AANDAG: MNR. G.J.J. STEENKAMP



Navrae
Enquiries

Mnr. J. Coetzee

Ons verw.
Our ref.

8.1.3.4/15.6.4.16

U verw.
Your ref. U5/3

Geagte mnr. Steenkamp

INSTELLING VAN MEESTERSGRAAD EN DOKTORSGRAAD IN BOUBESTUUR

10

1. In my brief van 39 Mei 1976 is aansoek gedoen om goedkeuring van Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding vir die instelling van 'n M.Sc.-graad en Ph.D.-graad in Boubestuur vanaf 1 Januarie 1977.
2. In u brief U5/3 van 25 Augustus 1976 het u die Universiteit soos volg in kennis gestel:

"Die volgende is voorlopig nie goedgekeur nie -

(i) _____

(ii) Die grade M.Sc. en Ph.D. in Boubestuur en B.Sc., M.Sc. en Ph.D. in Stads- en Streekbeplanning. Daar word tans gewag op die verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Opleiding van Argitekte wat moontlik in 1977 vrygestel gaan word en verdere aansoeke kan mettertyd in die lig daarvan gerig word."

3. In 'n brief gedateer 25 Oktober 1976, deel die Voorsitter van die Kommissie van Onderzoek na die Opleiding van Argitekte die Hoof van hierdie Universiteit se Argitektuurskool soos volg mee:

"Daar is deur die Kommissie besluit dat die instelling van kursusse in Boubestuur en in Stads- en Streekbeplanning buite die bestek van sy opdrag val en dat die Kommissie gevolglik geen kommentaar oor dié aangeleenthede kan lewer nie."

Vir u inligting is 'n fotokopie van hierdie brief aangeheg.

4. Die Universiteitsraad het my opdrag gegee om, op grond van die aangehaalde uitspraak van die Voorsitter van die vermelde Kommissie, weer eens aansoek te doen om Sy Edele die Minister se goedkeuring vir die instelling van die

grade M.Sc. en Ph.D. in Boubestuur. 'n Afskrif van die motivering wat die oorspronklike aansoek vergesel het, word hierby aangeheg - kyk asseblief dokument gemerk S/397/76.

5. Ooreenkomsdig u versoek word hierdie brief en dokumente in sestenvoud aan u gestuur.

Hoogagtend die uwe


REGISTRATEUR

JC/AI

Besluit 176. 220. 2

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

28140

AR 6/3/3

Verw. No./Ref. No.

DOOR VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK
Skool van Argitekte
R 214
Bougebou
Sentraal
ORUA

OFFICE OF THE COMMISSION OF INQUIRY
Education and Training of Architects
Room 214
Districts Building
Skinner Street
PRETORIA
0002

Prof D P Kesting
Skool vir Argitektuur en
Aanverwante Disziplines
Universiteit van Port Elizabeth
Posbus 1600
PORT ELIZABETH
6000

25 OCT 1976

Geagte prof Kesting

KOMMISSIE SE BETROKKENHEID BY UPE SE KURSUSSE IN
BOUBESTUUR EN STADS- EN STREEKBEPANNING

Ek verwys na die twee brieue aan u gerig deur die Studieraad vir Bourekenkunde en Boubestuur en die Vakkomitee vir Stads- en Streekbeplanning Vakke, wat tydens die jongste vergadering van hierdie Kommissie op 15 Oktober 1976 ter tafel gelê en bespreek is.

Daar is deur die Kommissie besluit dat die instelling van kursusse in Boubestuur en in Stads- en Streekbeplanning buiten die bestek van sy opdrag val en dat die Kommissie gevvolglik geen kommentaar oor dié aangeleenthede kan lewer nie.

Die uwe

T. L. Webb

T. L. WEBB
Voorsitter

VOORGESTELDE M.Sc. EN Ph.D. : MOTIVERING VIR DIE INSTELLING VAN DIE GRADE
EN BESONDERHEDE VAN DIE GRAADREËLS

Aansoek word gedoen om goedkeuring vir die instelling van die volgende grade vir nagraadse studie in Boubestuur met ingang 1977:

Magister Scientiae in Boubestuur M.Sc.(Boubestuur)
Philosophiae Doctor in Boubestuur Ph.D.

Engels:

Magister Scientiae in Building Management M.Sc.(Bdg. Man.)
Philosophiae Doctor in Building Management Ph.D.

(Hierdie motivering is opgestel in terme van die Sekretaris van Nasionale Opvoeding se brief U2/2/1 van 23 Desember 1975.)

A. BEHOEFTE WAT VIR OPLEIDING BESTAAAN

1. Die instelling van 'n eerste baccalaureusgraad in Boubestuur is reeds in 1973 deur Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur (u brief U5/3 van 19 November 1973).

Waar al die studiejare in die graadkursus in B.Sc. (Boubestuur) nou reeds aangebied word en die eerste studente aan die einde van hierdie jaar afstudeer, is dit 'n logiese stap om die gevorderde grade M.Sc. in Boubestuur en Ph.D. in Boubestuur te kan aanbied vir sodanige studente.

Die daarstelling van die M.-graad sal die plaaslike boubedryf hopelik stimuleer deur jong gegradeerde, wat graag verder wil studeer, hiernatoe te trek.

In die verlede was daar alreeds navraag gewees van voornemende nagraadse studente en die gevoel is dat die kursus ondersteun sal word aangesien die naaste ander universiteit wat 'n soortgelyke gevorderde graad in Boubestuur aanbied, ongeveer 800 km. van Port Elizabeth is.

2. Fasilitate vir nagraadse studie in hierdie rigting is reeds beskikbaar aan die

Universiteit van Pretoria
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Universiteit van Natal, en
Universiteit van die Witwatersrand.

Dit is bekend dat etlike studente ingeskryf is by hierdie instansies vir magister- en doktorale studie.

Die instelling van nagraadse studie en die navorsing wat daaruit voortvloeい sal die akademiese standaarde en akademiese inhoud van die voorgraadse kursus slegs kan verbeter.

3. Studenttegetalle sal, soos by die meeste kursusse op magister- en doktorsgraadvlak, relatief klein wees (sé 2 tot 3 per jaar).

B. BESKIKBARE FASILITEITE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

Die aanbieding van die beoogde nagraadse kursusse sal geen bykomende finan-

siële uitgawes t.o.v. personeel, akkommodasie, toerusting, ens., vir die Universiteit meebring nie. Vir die Staat sal dit slegs t.o.v. die normale subsidie vir studente uitgawe meebring. Sodanige subsidie sou in elk geval deur die Staat gedra word as die betrokke studente by 'n ander universiteit sou studeer. Studentegetalle sal na verwagting redelik klein wees.

C. WERK VAN UNIVERSITEITSGEHALTE

Aan hierdie vereiste sal uit die aard van die saak voldoen word.

D. VOORGRAADSE DIPLOMAS

Dié vereiste het nie betrekking op hierdie aansoek nie.

E. GRAADREËLS

Die voorgestelde reëls lui:

Reëls vir die graad Magister Scientiae in Boubestuur

C.374 Die graad Magister Scientiae in Boubestuur sal toegeken word aan 'n kandidaat wat die graad Baccalaureus Scientiae in Boubestuur, of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word besit, en:

- (i) betrokke was in die praktyk van Boubestuur vir ten minste een jaar nadat die graad Baccalaureus Scientiae in Boubestuur verwerf is; en daarna
- (ii) gewerk het aan 'n verhandeling vir 'n minimumtydperk van een akademiese jaar waartydens hy geregistreer was as 'n kandidaat vir die graad; en
- (iii) (a) in die geval van 'n verhandeling wat volledig eiehandig deur die kandidaat voorberei is, 'n mondelinge eksamen oor 'n geskrewe onderwerp op die gebied van Boubestuur met goeie gevolg afgelê het; of
- (b) in die geval van 'n verhandeling ten opsigte van 'n bouprojek of bouprojektipe wat deur die kandidaat as leier van 'n span verwante deskundiges voorberei is, 'n geskrewe eksamen oor die onderwerp van die verhandeling en/of enige ander voorgeskrewe onderwerp op die gebied van Boubestuur met goeie gevolg afgelê het.

Reëls vir die graad Philosophiae Doctor in Boubestuur

C.375(1) Die graad word toegeken aan 'n kandidaat wat in besit is van 'n Baccalaureus Scientiae in Boubestuur met sewe jaar toepaslike naagraadse praktiese ervaring of 'n Magister Scientiae in Boubestuur, en

- (a) wat voldoen aan die vereistes uiteengesit in die algemene reglement vir Doktorsgrade, of
- (b) wat bewyse van sy navorsingspublikasies, praktykwerk en/of navorsingswerk in die vorm van 'n proefskrif voorlê wat bewys dat hy 'n gesaghebbende op sy terrein is.

- (2) In die geval van 'n graad toegeken in ooreenstemming met C.375(1)(b), word eksterne eksaminatore wat erkende gesaghebbendes op die spesifieke gebied moet wees, deur die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad aangewys.

JC/AI
10 Mei 1976

REGISTRATIE VAN DEELGEMEENTES

AANSOEK OM GOEDKEURING VAN NAAMSVERANDERING VAN GRADE IN BOUBESTUUR
IN KONSTRUKSIEBESTUUR EN KENNISGEWING VAN NAAMSVERANDERING VAN DEPARTEMENT

Die Superintendent-Generaal
Departement van Onderwys en Kultuur
A. Administrasie: Volksraad
Privaatsak X55
PRETORIA
0001

AUGUSTUS 1992

27 Augustus 1992

| | | | |
|---|---------------------|--------------|---------------------|
| RECANTIE DINKING | KONSTRUKSIE BESTUUR | (L) | APPROVING |
| Mev. T. Zwiegelaar (041)504-2120 | 15/05/10 | 14/3/2/1/7/6 | KONSTRUKSIEBESTUUR. |
| Geagte Heer | | | |
| AANSOEK OM GOEDKEURING VAN NAAMSVERANDERING VAN GRADE IN BOUBESTUUR NA GRADE IN KONSTRUKSIEBESTUUR EN KENNISGEWING VAN NAAMSVERANDERING VAN DEPARTEMENT BOUBESTUURSVAKKE NA DEPARTEMENT KONSTRUKSIEBESTUUR | | | |
| Aansoek word hiermee gedoen om die goedkeuring van Sy Edele die Minister van Onderwys en Kultuur in bogenoemde verband. | | | |
| Die aansoek word volledig in die bygaande dokument, gemerk S/714/92, uiteengesit en gemotiveer. | | | |
| Die uwe | | | |


REGISTRATEUR (AKADEMIES)
 Daar aangesien daar nie die kontak van Hoofde van Universiteitsdepartemente met die Konstruktiewe Bestuur, sondering geskyn het dat die toetselheid van die
 TZ/AI/20

Bylae: S/714/92, in viervoud.
 Die Universiteitsdepartemente
 wat nie die kontak van Hoofde van Universiteitsdepartemente
 met die Konstruktiewe Bestuur gehad het, sou gevra word om die naamverandering voor te stel.

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETHAANSOEK OM GOEDKEURING VAN NAAMSVERANDERING VAN GRAAD IN BOUBESTUUR
EN KENNISGEWING VAN NAAMSVERANDERING VAN DEPARTEMENTALGEMEEN1. Goedkeuring deur die Raad: 5 Augustus 19922. Beoogde Wysstaing

| BESTAAANDE BENAMING | VOORGESTELDE BENAMING | AFKORTING |
|-----------------------------------|---|---|
| Departement Boubestuurs-vakke | Departement Konstruksiebestuur (Engels: Department of Construction Management) | |
| B.Sc.(Boubestuur) | B.Sc.(Konstruksiebestuur) (Engels: B.Sc. Construction Management) | B.Sc.(Konst.Best.) B.Sc.(Const.Man.) |
| M.Sc.(Boubestuur) | M.Sc.(Konstruksiebestuur) (Engels: M.Sc. Construction Management) | M.Sc.(Konst.Best.) M.Sc.(Const.Man.) |
| Philosophiae Doctor in Boubestuur | Philosophiae Doctor in Konstruksiebestuur (Engels: Philosophiae Doctor in Construction Management) | Ph.D. Ph.D. |

3. Motivering:

- 3.1 Oor 'n aantal jare het die Komitee van Hoofde van Universiteitsdepartemente van Boubestuur, oorweging geskenk aan die toepaslikheid van die bestaande benaming van die B.Sc. (Boubestuur)-graad. Van die probleme wat oorbrug moes word, was aangeleenthede rakende die semantiek, persepsies ens.
- 3.2 Na deurgronding en die uitruil van gedagtes onderling deur 'n aantal kenners, het die Komitee besluit om 'n naamsverandering voor te stel, nl. na dié van B.Sc.(Konstruksiebestuur).
- 3.3 Tydens 'n vergadering van Hoofde van Universiteitsdepartemente gedurende 1989, het die Komitee versoek dat die mate van steun wat hierdie voorstel geniet, ondersoek moet word by die onderskeie (betrokke) Universiteite.
- 3.4 Gedurende die jongste vergadering van die Komitee van Departementshoofde gehou op 5 Junie 1992, het die volgende verdere verwikkelinge aan die lig gekom:

- 3.4.1 Natal en UOVS: Interne goedkeuring van die verandering van naam van die Departement en graad is reeds verkry. Hulle is dus gereed om voorleggings aan die Minister te maak.
- 3.4.2 Kaapstad: Die Departement Boubestuur het 'n paar jaar gelede met Bourekenkunde saamgesmelt. Die naam van die gekombineerde departement is "The Department of Construction Economics and Management" en het dus nie verder aanpassing nodig nie.
- 3.4.3 Dat die herbenaming van die departement en graad, ook aan die universiteite van die Witwatersrand en Natal, aandag geniet.
- 3.5 Heelwat Boubestuurgraduardees bevind hulself in loopbane wat nie slegs tot die oprigting van geboue beperk is nie en wat raadgewing, siviele ingenieurswese en projekbestuur insluit.
- 3.5.1 Moderne, groot konstruksieprojekte is multidissiplinêr van aard en sluit 'n wye spektrum van konstruksietipes van wisselende tegnologiese en kontrakuele kompleksiteit in.
- 3.5.2 Die terme "Boubestuur" en "Boubestuurder" ("Building Management" en "Building Manager") het skynbaar nog nie 'n duidelik identiteit in die persepsie van Jan Publiek gevorm nie. Dit word dikwels, veral in Engels, gebruik om die bestuurder of opsigter van 'n gebou of kompleks geboue te weerspieël en word as sulks in die media en elders aangetref. Dit is dus 'n wanvoorstelling van die werklike studieprogram en van die gegradeerde se professionele werksaamhede.
- 3.5.3 Die term "Bou" ("Building") word ongelukkig dikwels in verband gebring met ongesofistikeerde, eenvoudige of selfs primitiewe konstruksieprosesse. Die term "Konstruksie" ("Construction") is meer omvattend, sluit "Bou" in, en het te doen met die fisiese daarstelling en/of oprigting van enigiets van 'n verbouwing of woonhuis tot 'n kelder, pad of pypleiding.
- 3.5.4 Die term "Konstruksiebestuur" ("Construction Management") is 'n meer algemene en gepaste beskrywing van die aktiwiteite waarin gegradeerde hulself uiteindelik bevind.
- 3.5.5 In die internasionale konteks, wat vandag al belangriker word, is "konstruksie" ("construction") 'n meer algemeen aanvaarde term.
- 3.5.6 Ondersteuning vir die naamverandering is reeds uitgespreek deur die S.A. Bou-Instituut en ander konstruksieverwante organisasies.

----000----



DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING
DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

CA 1

Telsgt. VOLKSOVHOEDING
Tel. 2-9971 Byln. 457
Native Enquiries J. Moraes

Verv.
Ref. U 5/3

VANDERSTELGEOU
VAN DER STEL BLDG
Privaatsak X122
Private Bag
PRETORIA
0001
7 - 5 - 1977

Die Registrateur
Universiteit van Port Elizabeth
Posbus 1600
PORT ELIZABETH
6000

Gente Reer

INSTELLING VAN MEESTERSGRAAD EN DOKTORSGRAAD IN BOUWBESPUITING

U aanvoer: 8.1.3.1./15.6.4.16 van 21 April 1977 sal op 15 Junie 1977 aan die A.R.U. voorgelê word vir 'n aanbevoling aan die Minister.

Die Ure

GEESTESWETENHED VAN HANDELENDE OPVOEDING

✓
8-1-3-1 / 5-6-16-18.
2145 Mor. boet - 25/4/17
ONTVANG 24 MAY 17
L